KAROO CORNER

Contact Suné
@ 049 892 2236
or email @
sune@groupeditors.co.za

JUNIE / JUNE

28: Graaff-Reinet Distrikte Krieket Klub algemene jaarvergadering om 18h00.

JULIE / JULY

14: M'Burg ACVV - Bestuursvergadering
19: M'Burg ACVV – AJV
21: Gideonsdinee
28: M'Burg Huis Karee - Bestuursvergadering
30: Adendorp Bazaar – middag

AUGUSTUS/ AUGUST

11: Kerkraadsvergadering 18h00
12: Nuwekerk Sop & Sjerrie aand
18: Gideonsdinee

SCHOOL CORNER

JUNIE / JUNE

18: Middies – Landloop, Walmer PE
24: Schools close
Middies – Skoolverlaterskamp, Suurberg
30: Grootfontein 100 – Grootfontein – Kleinvee Ekspo & - Produksiefees
Grootfontein 100 – Ouernaweek
Grootfontein 100 – Small Stock (30-2)
Scientific Symposium

JULIE / JULY

1: M'Burg Grootfontein 100 – Alumni 100:
2: Grootfontein 100 – Grootfontein – Kleinvee Ekspo & Produksiefees
Grootfontein 100 – Ouernaweek (30-2)
Grootfontein 100 – Alumni 100: Gholf- & Rolbaldag
11: Grootfontein 100 – GSSA Congress
18: Skole open
19: Grootfontein open
23: HVS & LVS – Cradock – away
Union High – Gill - home
Middies – Rugby & Netbal vs Burgersdorp
KT – Rugby & Netbal vs Burgersdorp (weg)
25: LVS –Ouer aand & Oggend
Middies – Skaak vs Cradock
Middies – Skaak vs Cradock
28: HVS – Groot Brag aand
29: Interschools starts
30: HVS & LVS Gill tuis
Union – weg

AGUSTUS/ AUGUST

1: LVS Groot Brag
5: Interschools (5-6)
8: Public Holiday – Schools only
11: HVS – BL vergadering 17h30
15: LVS – BL vergadering
24: HVS Debat & Vasvra

BLOOD CORNER

JUNIE / JUNE

20: GRT - Te Water Saal - 14:00 – 18:00
27: Middelburg - Middelburg High School

Hester Scheepers word 109

WILLOWMORE — Hester Scheepers is reeds die afgelope 14 jaar 'n inwoner in die Gert Greeff Tehuis te Willowmore.

Elke jaar hou die Christelike-Maatskaplike Raad vir haar 'n verjaarsdagpartytjie. In die verlede het sy 'n spesiale oggend-tee gehad saam met die burgemeester, Ewald Loock, met sy ampsketting en al. Verlede jaar het die Willowmore Polisieforum versoek om ook deel te wees van die funksie. Vir 2011 het die personeel van die CMR besluit om 'n heerlike dames-middag te hou. Die CMR se Vonkelvrou, Alma Fouche is genooi, die burgemeesters vrou, Riana Loock was teenwoordig, Annatjie du Preez het die Gert Greeff Tehuis se beheerraad verteenwoordig en Jackie Barnardt het die funksie bygewoon as die voorsitter van die plaaslike VLV tak. Die maatskaplike hulpwerker, Andra Korff het vir Scheepers 'n koek ontwerp met verskillende kolwyntjies.

Sy het verskeie geskenke ontvang. Die plaaslike Suid-Afrikaanse Polisiediens het 'n fondsinsameling geloods tussen hulle lede en is daar vir haar 'n heerlike warm kombers met 'n mooi deken vir haar bed gekoop. Haar verjaarsdag is ook uitgesaai op SABC 2 se nuus.

Ongelukkig is daar 'n groot demper geplaas op haar verjaarsdag toe sy die nuus ontvang het dat 'n veel jonger familielid, Kosie Scheepers, skielik oorlede is. Hy was die seun van haar swaer.

Op die foto verskyn Annatjie du Preez (beheerraadslid) Jackie Barnardt (VLV voorsitter), Alma Fouche (CMR Vonkelvrou), Andra Korff (CMR maatskaplike hulpwerker) en Riana Loock (burgemeestersvrou). Voor sit Hester Scheepers.

LIMITED HANDY MAN'S WORKSHOP: Die CMR kantoor te Willowmore het met behulp van fondse vanaf die National Lottery 'n werkswinkel geopen vir persone met gestremdhede. Die perseel waar die werkswinkel gehuisves word, behoort aan die Willowmore Laerskool. Die betrokkenes is tans besig met die restourasie van ou deure. Daar word nog gesoek na kundiges om hulle die fyner kunsies te wys om met die verskillende elektriese apparate te werk. Die betrokkenes het self die ou houtwerk kamer skoongemaak en aanvaar hulle verantwoordelikheid vir die instandhouding van die vertrek. Daar is egter 'n groot behoefte aan beskermende klere aangesien die produkte waarmee die gestremdes werk hulle klere beskadig. Wanneer daar vordering is, sal die publiek genooi word om die werkswinkel te besoek met 'n amptelike uitstalling en opening.

Luthando bemagtig die dames van New Horizon

GRAAFF-REINET — Graaff-Reinet se nuwe burgemeester, Hanna Makoba en die dames van New Horizon het onlangs by Luthando Opleidingsentrum MS Word en Excel geleer.

"Rekenaars is vir die toekoms, om 'n kursus in MS Word te doen, gee jou self-vertroue, maar ek wil nie die verwagting skep dat dit makliker is om werk te bekom nie, maar dit gee jou net 'n platform om van te werk en om ekstra kursusse by te doen, soos Excel" meen Makoba.

Makoba, kern-figuur van New Horizon, moedig mense van die Graaff-Reinet distrik aan om by Luthando Opleidingsentrum kursusse in MS Word en Excel te voltooi.

New Horizon het begin as 'n naaldwerkprojek en gegroei tot die geregistreerde New Horizon's Women's Corporative.

By New Horizon is vyf vroue - Hanna Makoba, Miemie Mkomo, Stratza Saku, Natasha Jafta & Zelmine Goliath - betrokke en word daar daagliks gewerk aan projekte - skoolklere, sportdrag, skoolsweetpakke en klere vir spesiale aangeleenthede.

Mkomo en Saku verduidelik dat dit by Luthando hul eerste blootstelling was aan 'n rekenaar en dat die opleiding wat hulle in MS Word ontvang het, bygedra het tot hul rekenaarvaardigheid nou.

New Horizon het besluit om 'n borduurmasjien aan te skaf. Luthando se opleiding het gehelp aangesien die sagteware opleiding wat hulle ontvang het vir die borduurmasjien aangebied was op 'n rekenaar.

Gelukkig was hulle toe reeds rekenaarvaardig. Mkomo en Saku ontwerp tans self embleme op die rekenaar - die grootste aanvraag is vir skoolwapens/borduur etikette. Dit is 'n tydsame proses, maar kennis en addisionele opleiding help om hul werk te vergemaklik.

Die dames van New Horizon het op Luthando Opleidingsentrum besluit want die MS Word kursus was bekostigbaar en die klastye kon ook aangepas word om by hul skedule te pas. Almal by New Horizon verduidelik dat die onderwysers wat die kursus by Luthando Training aanbied baie behulpsaam was.

Tans het al vyf van die dames van New Horizon die MS Word kursus reeds voltooi en vier die Excel kursus. Hulle het op Excel besluit om met die boekhouwerk te help.

Mkomo vertel dat, "Luthando bekostigbaar was en nadat ek die Excel kursus voltooi het, het ek New Horizon se syfers op die rekenaar gelaai. Voorheen moes ek alle Sosiale Ontwikkeling verslae op 'n maandelikse basis met die hand inskryf. Nou word al New Horizon se verslae op die rekenaar vasgelê."

Makoba verduidelik dat almal by New Horizon "trots is in hul werk. As jy iets self kan bemagtig, gee dit jou net daai ekstra selfvertroue in jouself en in jou werk".

Luthando Training Centre, enrol now!

GRAAFF-REINET — The Luthando Training Centre offers certificate courses for adult and high school learners in Microsoft Word basic and Microsoft Excel Basic.

At the end of the course students will receive a certificate accredited by Phezukomkono College in Oudtshoorn.

Classes will commence during the week of 28 July until 30 November. Classes will be presented at various times of day to accommodate as many students as possible.

Please note that the centre can only accommodate a limited number of students, therefore, due to the great demand for the courses, registration will only take place until 24 July.

Registration forms can be obtained from the Training Centre at the St Phillips Church in Umasizakhe on Mondays (4pm to 8pm), Tuesdays (11am to 1pm and 4pm to 8pm) and Wednesdays (4pm to 8pm) as well as from Spandau High School (Mrs R Koeberg), Asherville High School (Mrs C Hoffman), Nqweba Secondary School (Mrs A Booysen) and Lingcom Primary (school office).

For more information, contact Sonja Esterhuysen at 049 891 0143 or 083 440 8246.

The costs of the courses amount to R160 for children, R200 for unemployed adults and according to salary scale for employed adults.

Hierdie werkers van New Horizons het hul sertifikate ontvang na hulle 'n kursus by Luthando Training Centre voltooi het: Natasha Jafta, Miemie Mkomo en Zelmine Goliath. Afwesig - Hanna Makoba en Stratza Saku.